

15

DIE BYBEL

Bybelstudie en stiltetyd

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Bybellees en bid, dit is *stiltetyd*, belangrik vir hul geloof is.

SPEKIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- God met ons praat as ons Bybel lees.
- God net deur sy Woord geken kan word.
- gebed, ons gesprek met God, noodsaaklik is vir ons geloof.

Gesindheid

Die kinders moet die begeerte hê om persoonlike *stiltetyd* te hou.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om met verskillende hulpmiddels *stiltetyd* te hou en die Bybel te bestudeer.

MEER INLIGTING

'n Mens kan nie 'n vreemdeling wat jy so pas ontmoet het met jou hele hart, wese en verstand liefhê nie. Ons moet mekaar eers leer ken, ons moet eers 'n verhouding met mekaar opbou voordat ons mekaar sal vertrou en van mekaar sal hou. Sonder kennis en vertrouwe sal daar nooit 'n hegte liefdesverhouding ontwikkel nie. Dieselfde kan 'n mens oor geloof sê. As jy God nie ken nie, gaan jy Hom nie vertrou nie. As jy Hom ken en Hom dan vertrou, beteken dit jy glo in Hom. 'n Mens kan God alleen deur die Bybel leer ken.

'n Ma wat nooit aan haar kind raak nie en nooit vir haar kind wys dat sy hom of haar liefhet nie, sal die kind nie kan oortuig van haar liefde nie. Net soos 'n mens in 'n gewone wêreldse verhouding nodig het om voortdurend herinner te word aan iemand se liefde vir jou, so moet ons ook voortdurend herinner word aan God se liefde vir ons. Die manier waarop ons werklik geloof en vertrouwe in God kan hê en Hom kan ken, is deur sy Woord te lees.

Die Heidelbergse Kategismus leer ons in vraag en antwoord 21 dat ware geloof 'n *vasstaande kennis* is dat die Bybel waar is. Ware geloof is ook 'n *vaste vertrouwe* wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart wek. Dit verseker my dat God uit genade my sonde vergewe en my ewige geluk gee. Dit gebeur slegs op grond van die verdienste van Christus. Geloof mond uit in absolute vertrouwe wat ek kry as ek die Bybel ken.

Die Heilige Gees gebruik die Woord van God om geloof in ons harte te wek. Met ander woorde, sonder die Woord kan ons God nie ken nie en sonder kennis kan ons nie in Hom glo nie. Kyk by Romeine 10: 14-21.

Daar is vier dinge wat Bybellees negatief kan beïnvloed

- Soms het mense die gewoonte om die Bybel sommer enige plek oop te maak en daar te lees. So kry 'n mens nooit 'n geheelbeeld van die Bybel nie. Gedeeltes in die Bybel moet altyd binne konteks gelees word, anders kan dit lei tot die verkeerde verstaan van die teksgedeelte. God gee die Woord sodat ons Hom kan leer ken, nie om net hier en daar 'n stukkie van Hom te leer ken nie.
- Mense het die gebruik om bekende en interessante gedeeltes in die Bybel te merk. Hiermee is geen fout nie, maar so loop ons die gevaar om elke keer net daardie selfde gedeeltes te lees.
- 'n Goeie roetine van Bybellees, soos om elke dag met Skriflesing en gebed te open, kan later so 'n gewoonte word dat die meeste mense nie eens meer inneem wat gelees word nie.
- Dagboeke met dagstukkies wat slegs enkele versies uit die Bybel aanhaal, veroorsaak soms dat ons treffende boodskappe daarin lees maar nooit die Woord self leer ken nie. Verder word daar dikwels net na sekere gewilde temas in die Bybel gekyk.

Stiltetyd is 'n opdrag van die Here,
maar dit bly altyd 'n persoonlike saak tussen jou en Hom.

Indien ons werklik met opregte bedoelings die Here God wil leer ken, behoort ons die Bybel van voor tot agter te lees en te bestudeer. As daar dan tye in ons lewe kom wanneer ons byvoorbeeld na troos soek, sal ons weet waar om te gaan lees. Ons moet die Bybel gestruktureerd en met 'n doel lees om die Almagtige en Heilige God in alle omstandighede te leer ken. Tyd is altyd belangrik. My Bybellees en bid, *stiltetyd*, moenie sommer maar net in 'n gejaagde program inpas nie. Dit moet kwaliteittyd wees waartydens ek saam met God kan verkeer. Bybellees en bid, stiltetyd, behoort ook nie beperk te wees tot net Bybelstudie nie.

Hoe behoort ons verantwoordelik ons Bybels te lees?

Ons moet bepaal –

- wat presies daar geskryf staan.
- met wie daar gepraat word.
- wat die agtergrond is waarteen dinge gesê word of gebeurde plaasvind.
- hoe dit in die konteks van die geheel inpas.
- watter probleemwoorde of onbekende woorde en uitdrukkings daar voorkom.
- wat die hoofgedagte van die gedeelte is.
- wat God daardeur vir my persoonlik wil sê.
- wat my antwoord daarop is.

Skryf dit neer en probeer eers self antwoord kry.

Boeke wat saam met die Bybel gebruik kan word

- Bybel in praktyk.
- Die Verklarende Bybel.
- Nuwe Verwysingsbybel.
- Handboek by die Bybel.
- Konkordansie.
- Bybelse Atlas.
- Ander boeke oor die agtergrond en gebruike van die Ou en die Nuwe Testament.

Indien ons twyfel of die boek wat ons gebruik 'n goeie boek is, kan ons eers by ons predikant uitvind of hy of sy die boek sou aanbeveel. Maak veral gebruik van ons Kerk se literatuur om verwarrende inligting te vermy.

Bybellees moet gedurende stiltetyd met gebed gepaardgaan

Die Here se Woord moet nooit ledig na ons toe terugkeer nie. Stiltetyd is kommunikasietyd. Daarom praat God deur *Bybellees*, en ons antwoord met *gebed*. Ons praat, ons kommunikeer met mekaar. *Stiltetyd* is deel van my *erediens gedurende die week – 'n diens tot eer van God*. Tydens stiltetyd “kuier” ons en God by mekaar.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Voorbeelde van boeke wat ons met die lees van ons Bybels kan gebruik.
- Een afskrif vir elke kind van die anonieme vraelys hieronder.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

DOEN

Gee aan die kinders geleentheid om kortliks die verhale van Ester en Jona te vertel en te bespreek. Vra ook aan elkeen van hulle wat hulle uit hierdie verhale geleer het wat hulle op hul eie lewens van toepassing kan maak. (Onthou: die seuns lees Jona en die dogters Ester.)

LEER

Kontroleer of die kinders die verskillende literatuursoorte van die Bybel ken en of hulle ten minste twee voorbeelde van elk kan opnoem.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Dink jou in die volgende situasie in:

Jy kry opdrag om vir 'n wildvreemde persoon innig lief te wees en 'n lewende verhouding met hom of haar te hê. Jy het nêrens met die persoon te doen nie, julle bring nie tyd met mekaar deur nie en kry nooit geleentheid om met mekaar te gesels nie. Kan jy dan vir hierdie persoon lief word?

OF

Jy hoor maar net hier en daar iets van iemand – jy hou van wat jy hoor. Gaan jy meer wil uitvind, of tevrede wees met die bietjie inligting wat jy het, en dan praat van 'n intieme verhouding?

Nee. Net so is dit noodsaaklik dat ons en God soveel tyd moontlik saam deurbing, dat ons soveel moontlik van Hom leer ken sodat ons in 'n intieme verhouding met mekaar kan lewe. Kom ons kyk hoe ons onder andere deur ons stiltetyd aan hierdie verhouding kan werk.

IETS INTERESSANT

Hou die inhoud van MEER INLIGTING hierbo aan die kinders voor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende opsomming weer in:

- Ons moet iemand eers leer *ken* voordat ons hom of haar sal *vertrou*.
- Geloof is dieselfde:
 - Ons moet God eers *ken* voordat ons Hom kan *vertrou*.
 - Om God te *ken* en dan te *vertrou*, beteken jy *glo* in Hom.
- Ons kan God alleen leer ken deur die Bybel.
- Die Heidelbergse Kategismus leer:
 - ware geloof is –
 - 'n *vasstaande kennis* dat die Bybel waar is.
 - 'n *vaste vertroue* wat die Heilige Gees deur die Bybel in my hart wek.
 - die versekering dat God my sonde vergewe en my ewige geluk gee.
 - die absolute vertroue wat ek kry as ek die Bybel ken.

Sonder die Woord kan ons God nie ken nie; sonder kennis kan ons nie in Hom glo nie.
(Rom 10: 14-21)

Geloof = kennis + vertroue

Pasop vir die volgende vier dinge as jy Bybel lees:

- Om die Bybel op enige plek oop te maak en daar te lees – jy kry nooit 'n geheelbeeld van die Bybel nie.
- Bekende en geliefde gedeeltes wat jy in die Bybel onderstreep – die gevaar is dat jy net dieselfde gedeeltes oor en oor lees.
- Dagstukkies oor gewilde temas hou die gevaar in dat ons nooit die Woord self leer ken nie.
- Leë gewoontes, soos om elke dag met Skriflesing en gebed te open – mense neem soms niks in nie.

Stiltetyd is 'n opdrag van die Here,
maar dit bly altyd 'n persoonlike saak tussen jou en Hom.

Hoe behoort ons verantwoordelik ons Bybels te lees?

Ons moet bepaal –

- wat daar presies geskryf staan.
- met wie daar gepraat word.
- wat die agtergrond is waarteen dinge gesê word of gebeure plaasvind.
- hoe dit inpas binne die konteks van die geheel.
- watter probleemwoorde of onbekende woorde en uitdrukkings daar voorkom.
- wat die hoofgedagte van die gedeelte is.
- wat God daardeur vir my persoonlik wil sê.
- wat my antwoord daarop is.

Onthou die volgende

- Ons behoort die Bybel van voor tot agter te lees en te bestudeer.
- As ons dan na 'n saak soek, gaan ons weet waar om dit te kry.
- Ons moet die Bybel gestruktureerd lees om God in alle omstandighede te leer ken.
- My Bybellees en bid, *stiltetyd*, moet kwaliteittyd wees waartydens ek saam met God kan verkeer.

Boeke wat saam met die Bybel gebruik kan word

- Bybel in praktyk.
- Die Verklarende Bybel.
- Nuwe Verwysingsbybel.
- Handboek by die Bybel.
- Konkordansie.
- Bybelse Atlas.
- Enige boek wat ons meer leer oor die agtergrond en gebruike van die Ou en die Nuwe Testament.
- Maak veral gebruik van ons Kerk se literatuur om verwarrende inligting te vermy.

Bybellees moet gedurende stiltetyd met gebed gepaardgaan –
ons en God gesels met mekaar.

IETS OM TE DOEN

Deel anonieme vraelyste uit wat die kinders dadelik invul en sonder bespreking teruggee. Kyk daarna en gee terugvoer oor die inligting daaruit verkry. Let op probleme wat ervaar word in koshuise, druk skoolprogramme, huisgodsdien, ensovoorts. Let veral ook op waar kinders almal dieselfde stukkie gelees het (dan dalk by 'n gemeenskaplike geleentheid soos 'n godsdienperiode of CSV-byeenkoms) of selfs hoeveel van hulle toevallig die vorige aand 'n bekende gedeelte soos Psalm 23 gelees het. Dit kan moontlik vir die kategeet 'n aanduiding gee van hoeveel kinders gereeld self Bybel lees.

Anonieme vraelys

Elkeen moet die vraelys invul. Die vraelys is vertroulik en anoniem. Moet asseblief nie 'n naam opskryf nie en antwoord elke vraag baie eerlik. Merk jou keuse met 'n X of omkring die *ja* of *nee*.

- Hoe gereeld hou jul gesin gesamentlik huisgodsdienste?

Elke dag	2 x per week	5 x per week	Glad nie
----------	--------------	--------------	----------

- Hoe gereeld lees jy op jou eie die Bybel?

Elke dag	2 x per week	5 x per week	Glad nie
----------	--------------	--------------	----------

- Wanneer laas het jy die Bybel gelees?

.....

- Watter gedeelte het jy in die Bybel gelees?

.....

- Watter betekenis het die gedeelte vir jou gehad?

.....

.....

- Voel jy dat die wyse waarop jy Bybel lees en hoe dikwels jy dit doen, voldoende is?

Beslis	Weet nie	Glad nie
--------	----------	----------

- Indien jy nie gereeld (elke dag) jou Bybel lees nie, wat is die rede daarvoor?

.....

.....

- Hoe goed verstaan jy die Bybel as jy dit lees?

Goed	Nie goed nie	Glad nie
------	--------------	----------

- Wil jy die Bybel graag beter verstaan?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

- Op watter maniere kan 'n mens meer van die Bybel te wete kom?

.....

.....

Ons lees Handeling 8: 26-40 en beantwoord die volgende vrae skriftelik.

Ons lees hier van 'n man uit Etiopië wat na Jerusalem gegaan het om te aanbid. Omdat hy 'n bepaalde liggaamsgebrek gehad het, sou hy nie self in die tempel kon ingaan nie. Mense met liggaamsgebreke is nie in die tempel toegelaat nie. En omdat hy nie sou kon ingaan nie, sou hy ook nie volgens die gebruike van daardie tyd 'n offer kon bring vir sy sonde nie. Hy het God leer ken deur sy Woord te lees, maar wat moet nou verder gebeur? Die Heilige Gees stuur Filippus om met die man kontak te maak.

- Wat het Filippus gehoor toe hy by die man kom waarop die man gery het?
Die man het hardop uit die profeteboek Jesaja gelees.
- Die Etiopiër het nie verstaan wat hy uit Jesaja gelees het nie. Waarom nie?
Niemand het die gedeelte nog aan hom verduidelik nie.
- Filippus kon aan hom verduidelik van wie Jesaja geskryf het. Van wie het Jesaja gepraat?
Van Jesus Christus.
- Jesaja het geskryf dat daar iemand sal kom wat verneder en doodgemaak sal word. Waarna sou jy sê het hy hier verwys?
Na Jesus Christus se vernedering en dood aan die kruis op Golgota.
- Ons het ook geleer dat Jesus vir ons sondes betaal het en daarom kan ons nou in 'n nuwe verhouding met God staan. Wat is die teken dat Christus vir jou sondes betaal het?
Die doop. Die kinders moet hier insig toon en verstaan dat elkeen van hulle gedoop is (of gedoop gaan word met die aflegging van geloofsbelydenis).
- Wat het gebeur die oomblik toe die man van Etiopië gedoop word?
Die Gees van die Here (Heilige Gees) was daar teenwoordig, en die man kon met blydschap verder reis omdat hy nou self vir Jesus leer ken het.

Bespreek nou die volgende vrae in die klas:

- Iemand het op 'n dag gesê dat hy nie die Bybel nodig het om God te leer ken nie – solank hy net glo, is alles reg. Dink jy dit is moontlik? (Die Bybel sê: *Die geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.* 'n Mens kan nie glo sonder om die Woord te hoor nie.)
- Indien jy nie jou Bybel gereeld lees nie, sal jou kennis van God gebrekkig wees. Dan sal jy sonder om God regtig te ken, in Hom moet glo. Dit is waarom mense soms 'n beeld van God voorhou wat hulleself pas. God word dan 'n uitdinksel van mense en nie soos Hy Homself openbaar nie. Is dit waar? Hoekom of hoekom nie? Bespreek.
- Hoe gereeld behoort 'n gelowige sy of haar Bybel te lees?
- Watter metode volg jy wanneer jy jou Bybel lees? Laat die kinders elkeen vertel watter metode hulle volg, byvoorbeeld: maak net oop en lees enige plek, of lees die hele Bybel deur, of doen Bybelstudie, ensovoorts.

BY DIE HUIS

DOEN

- Herinner die kinders daaraan om gereeld stiltetyd te hou.
- Laat elke kind 'n Bybelstudie vir hul gesin beplan. Laat hulle die volgende riglyne gebruik:
 - 'n Skrifgedeelte wat vir hulle belangrik is, word gekies.
 - Hulle lees die Skrifgedeelte deur terwyl elkeen in die gesin dit in hul eie Bybels volg.
 - Hulle bespreek die inhoud van die Skrifgedeelte met mekaar.
 - Elkeen vertel watter boodskap hy of sy uit die Skrifgedeelte gekry het.
 - Hulle praat oor hoe hulle hierdie boodskap gaan uitleef.
 - Hulle sluit af met gebed.

LEER

- Laat hulle Psalm 130 in die Bybel by die huis lees.
- Laat hulle aantekeninge maak en kom vertel wat hierdie psalm vir hulle leer van God en mense in nood.

AFSLUITING

Sluit af deur Psalm 130 in die Bybel saam te lees en te bid.